

# Vrydag 10 September

Skrifgedeelte: Titus 2:1-15  
(1983-vertaling)

Fokusgedeelte: Titus 2:12

## God se genade voed op

God se genade voed jou op om in die teenswoordige wêreld reg te lewe (Tit. 2:12). Hier word spesifiek verwys na die reinigende effek wat God se genade op jou lewe het. Die genade van God bestaan nie net daarin dat jy die vergifnis van sonde ontvang nie, maar ook dat jy deur die genade van God vernuwe word. Christus kom koop jou nie net vry van jou sondeskuld nie, maar Hy stuur sy Heilige Gees om die sonde se houvas oor jou daaglikse doen en late te verbreek.

Waarom is dit so belangrik dat jy reg moet lewe? Uit die teks blyk dit dat dit gaan oor God. Die gelowiges word opgeroep tot 'n regte lewe sodat die Woord van God nie in diskrediet sal kom nie (Tit. 2:5). Die regte lewe van gelowiges sal God se aansien in die wêreld verhoog (Tit. 2:8).

Jy is God se ambassadeur in die wêreld. As jou lewe nie van toewyding teenoor die Here getuig nie, sal die evangelie wat jy bely, nie geloofwaardig wees nie. Die grootste enkele rede vir die kerk se ongeloofwaardigheid en gebrek aan werfkrag is die lewens wat gelowiges lei. By baie ongelowiges is daar die gedagte dat God dood is, omdat gelowiges as Christene dood is. So is goeie werke, 'n lewe van toewyding aan die Here, 'n onmisbare skakel in God se werk op aarde.

Die ywer om goed te doen, kom wanneer jy toelaat dat die genade van die Here jou bewus maak dat daar sekere dinge in jou lewe is wat jy moet doodmaak (HK Sondag 33:88). Jy kan die verkeerde dinge in jou lewe alleen doodmaak as jy die Heilige Gees toelaat om met die vergrootglas van die Woord die foute in jou lewe uit te wys. Daarom is dit nodig dat jy die Woord van God ondersoek en eredienste bywoon. Dit is hoe die Heilige Gees jou tot selfondersoek bring. As jy die Woord van God toemaak, maak jy die stem van die Heilige Gees stil. As jy sonder die Heilige Gees leef, lewe jy sonder jou Beskermer. As jy die Heilige Gees inlaat in jou lewe, sal jy geestelike groei ervaar. Die Heilige Gees reinig jou lewe, sodat jy nie meer lewe soos 'n slaaf van die sonde nie. Deur die Woord werk Hy die geloof in jou en help Hy jou om teen jou sondes te veg. So heilig Hy jou en stel Hy jou in staat stel om hoe langer hoe meer die beeld van Christus in jou lewe te vertoon (2 Kor. 3:18).

Christus is die lig, jy is die spieël wat die lig weerkaats. Jy weerkaats die lig van Christus in die klein opspraakwekkende dingetjies van die lewe, soos die ywer om goed te doen, om nie kwaad te praat van ander nie, om eerlik te wees, om nie te vloek nie, om matig drank te gebruik, om sedelik kuis te leef en om altyd bo verdenking te staan. Deur dit te doen, maak jy die boodskap van die evangelie geloofwaardig in die wêreld.

*Sing: Psalm 119-1:52*

*Ds. P Cilliers (Pierre) (Daniëlskuil/Duineveld)*